

**PARLIAMENT OF THE
PROVINCE OF THE
WESTERN CAPE**
=====

ORDER PAPER
=====

THURSDAY, 21 SEPTEMBER 2023

HOUSE: 10:00

Provincial Economic Review and Outlook – Ms M M Wenger, Minister of Finance and Economic Opportunities.

FURTHER BUSINESS

NOTICES OF MOTION (14 September 2023)

1. Mr M I Sileku: That the House notes that, in about two months' time, the City of Cape Town will be sending a team of world-class firefighters to Spain to compete in the World Rescue Challenge; further notes that, as the only team from Africa, they will be competing against some of the world's best teams from America and across Europe; and notes that the DA-run governments have increasingly invested in their fire and rescue services over the years and, as a result, the Western Cape now boasts a Fire and Rescue Department that has more firefighting appliances than all the other provinces combined.
2. Ms W F Kaizer-Philander: That the House notes that the Democratic Alliance in the Western Cape has reported the national Minister of Social Development, Lindiwe Zulu, to the South African Human Rights Commission for negligently failing to ensure the socio-economic rights of Western Cape Sassa grant beneficiaries by failing to provide social security; further notes that the DA has been inundated by complaints from desperate grant beneficiaries across the province who are struggling to withdraw their funds from ATMs and retailers due to technical glitches from Postbank; further notes that, while the Western Cape Government is constantly trying to alleviate social and economic pressures on our residents, efforts always remain hampered by the incompetence at the national government level; and notes that the Democratic Alliance in the Western Cape will tackle this issue head-on until Minister Zulu is held accountable for failing the residents of the Western Cape.
3. Ms L M Maseko: That the House sends its best wishes to Mr Carl Pophaim who has been appointed as the new Member of the Mayoral Committee for Human Settlements in the City of Cape Town; notes that Mr Pophaim is a young and talented councillor who has distinguished himself in the Human Settlements portfolio and has been serving on the

City's Portfolio Committee for Human Settlements for nearly five years, as well as on the Planning Appeals Advisory Panel, among others; and further notes his youthful vigour and unwavering dedication are promising assets that will undoubtedly drive progress and innovation in his new position.

4. Mr G Bosman: That the House notes that the City of Cape Town has so far hosted 81 local and international events, and it is looking at hosting another 60 events before the end of the year; further notes that so far R1 billion has been generated, and the 20 major events recorded over one million participants and spectators; notes that over the next weeks and months the City will be hosting an array of events catering to the diverse entertainment demographic and featuring renowned events covering sports, motoring, literature, music and art; further notes that some of the events set to take place in Cape Town include FAME Week Africa, the Extreme Festival National Championships; DRIFT City; the Open Book Festival; World of Music, Arts and Dance; Operalia and Zakes Bantwini's Abantu Festival; and notes that these events all play a major role in building the local economy, building social cohesion and promoting sports, arts and culture.
5. Ms A Cassiem: That the House calls on the national Department of Human Settlement, the City of Cape Town and the Housing Development Agency to work together in making sure that residents occupying the central line are relocated to suitable alternative land; notes that this comes at the backdrop of the national Minister of Human Settlement accusing the DA-led City of Cape Town of sabotaging the central line relocation attempts by turning back the funds (R50 million) advanced to it to acquire land for the residents; further notes that the inter-governmental and inter-departmental disputes between the national government and the local government are not in the best interests of the poor and are certainly not advancing both their interests and their protected constitutional rights; and notes that the sooner residents are relocated to more dignified and suitable land the better, as that would allow Prasa and other departments to start working on fixing the infrastructure to make sure that trains are back on track and thousands of commuters are able to utilise a cheaper transport system.
6. Mr T M Klaas: That the House notes that, during the course of this week, Westbank residents took to the streets to demand a satellite police station in their community; further notes that their calls for a police station in their area began in 2016 and to date these calls have fallen on deaf ears; notes that their concerns are that they must report cases to the Blue Downs Police Station, which is far away, and most residents cannot afford taxi fares during the day to go to a police station to open a case; notes that the residents further complain that the police officers from the Blue Downs Police Station hardly come when they are being called to attend to reported crimes scenes; notes that all of this also affects the Provincial Crime Statistics, as most crimes go unreported as people continue to die in high numbers during armed robberies and more crime incidents are being perpetrated by the youth and gangsters in the area; and calls on the national government to do the right thing and to assist these residents with a satellite police station as a temporary intervention mechanism.
7. Ms N D Nkondlo: That the House notes and extends its gratitude to the Minister of Human Settlements, Mmamoloko Tryphosa Kubayi, for her invaluable efforts in the Strand's eThembeni Informal Settlement by working with the ANC's Legislature Strand Constituency Office; notes that she selflessly dedicated her time and support in the noble endeavour of handing over essential building materials for 35 homes that were tragically

destroyed by fire; notes the ANC's unwavering commitment to the welfare and upliftment of our community is commendable and inspiring; notes that the Minister's actions exemplify the spirit of unity and compassion that defines our collective mission; and expresses our heartfelt gratitude for her dedication in helping those in need during this challenging time.

8. Ms P Z Lekker: That the House expresses its deep concern over the deteriorating state of service delivery in the Western Cape and calls upon Minister Bredell to take immediate and concrete steps to address this pressing issue; notes that, while the DA touts clean audits, emphasises that this should not be misconstrued as a definitive indicator of effective service delivery; notes that clean audits do not alleviate the hardships faced by our constituents daily; furthermore, finds it paradoxical that the DA is pushing for the Provincial Powers Bill while failing to deliver services adequately in the sectors it currently controls in the province; urges the DA to demonstrate its commitment to efficient service delivery first before advocating additional powers; and implores the DA to prioritise the needs of the people in the Western Cape by taking substantial action to enhance service delivery and by leaving no room for ambiguity regarding the quality of services provided to our people.
9. Ms P Z Lekker: That the House notes and expresses unease regarding the Western Cape Provincial Parliament's deliberate silence on the recent cyberattack findings; notes that the withholding of crucial information compromises the security of our institution and undermines the trust of the citizens we serve; notes that transparency and accountability are fundamental pillars of our democracy, and the failure to disclose pertinent details regarding this cyberattack erodes these principles; urges the Western Cape Provincial Parliament to share the findings promptly and to take appropriate measures to strengthen our cybersecurity defences; and, in doing so, we protect the integrity of our legislative process and assure the public of their safety.
10. Ms N D Nkondlo: That the House expresses concern and sympathy for the residents and farmers of Cederberg, Western Cape, who have been adversely affected by recent events causing significant damage to food and agriculture; notes that the destruction of crops and farmlands in this region poses a severe threat to food security and livelihoods; calls upon the relevant authorities to assess the extent of the damage promptly and to provide the necessary support and resources to the affected farmers; pledges our solidarity with the community of Cederberg; and implores the government to take immediate action to mitigate the impact on agriculture and to ensure a swift recovery for this vital sector of our economy.
11. Mr M Kama: That the House acknowledges the good work done by members of the South African Police Service (SAPS); notes that, while we do not cover up the misdeeds of some among them, most of our women and men in blue continue to put their lives on the line in service of our communities and country; commends the top brass of the SAPS, as well as IPID, for being intolerant of the few bad apples among the members of the service and notes their commitment to oppose those who tarnish the reputation of most members of SAPS; and calls on our communities to work with the members of the SAPS to combat crime and unite behind every effort to make the SAPS an institution of hope that guarantees the safety of all our people in the Western Cape as opposed to irresponsibly promoting mistrust on the part of communities towards the SAPS as the Chairperson of the Standing Committee on Community Safety and Police Oversight, Hon Bosman, does every week in the public domain.

See also: Mr F C Christians (p 4); Mr P J Marais (p 4); Ms L M Maseko (p 5); Mr M K Sayed (p 6); Mr C M Dugmore (p 6); Ms R Windvogel (p 6); Mr M Kama (p 6); Ms A P Bans (p 6); Ms A P Bans (p 7); Mr M K Sayed (p 7); Ms N D Nkondlo (p 7); Ms N G Bakubaku-Vos (p 7); Mr M K Sayed (p 8); Ms D M Baartman (p 8); Mr T M Klaas (p 8); Mr C M Dugmore (p 11); Ms A Cassiem p 12; Mr T M Klaas (p 12); Ms A P Bans (p 12); Ms N D Nkondlo (p 12); Ms A P Bans (p 13); Ms N G Bakubaku-Vos (p 13); Ms R Windvogel (p 13); Mr F C Christians (p 14); Mr I M Sileku (p 14); Ms N G Bakubaku-Vos (p 15); Mr M K Sayed (p 15); Ms A P Bans (p 15); Mr M Kama (p 15); Mr C M Dugmore (p 16); Mr G Bosman (p 17); Mr F C Christians (p 17); Mr C M Dugmore (p 18); Ms D M Baartman (p 18); Mr T M Klaas (p 18); Ms A P Bans (p 18); Mr K Brinkhuis (p 21); Ms A P Bans (p 21); Mr C M Dugmore (p 21); Mr M Kama (p 6); Ms R Windvogel (p 6); Ms P Z Lekker (p 21); Mr F C Christians (p 21); Mr L L Mvimbi (p 21); Mr M K Sayed (p 21); Mr F C Christians (p 23); Ms A P Bans (p 23); Ms N G Bakubaku-Vos (p 23); Ms R Windvogel (p 23); Mr P Marran (p 23); Mr L L Mvimbi (p 24); Ms P Z Lekker (p 24); Ms A Cassiem (p 24); Mr T M Klaas (p 24); Mr K Brinkhuis (p 24); Mr T M Klaas (p 25); Mr I M Sileku (p 25); Mr L L Mvimbi (p 25); Ms P Z Lekker (p 25); Mr M K Sayed (p 25); Mr M K Sayed (p 26).

PARLEMENT VAN DIE PROVINSIE WES-KAAP

ORDELYS

DONDERDAG, 21 SEPTEMBER 2023

HUIS: 10:00

Provinsiale Ekonomiese Oorsig en Vooruitskouing – Me M M Wenger, Minister van Finansies en Ekonomiese Geleentehede.

VERDERE WERKSAAMHEDE

KENNISGEWING VAN VOORSTELLE (*14 September 2023*)

1. Mnr M I Sileku: Dat die Huis kennis neem dat die Stad Kaapstad oor sowat twee maande 'n span wêreldklasbrandbestryders na Spanje sal stuur om aan die World Rescue Challenge deel te neem; verder kennis neem dat hulle, as die enigste span uit Afrika, teen van die wêreld se beste spanne van Amerika en regoor Europa sal meeding; en kennis neem dat die DA-beheerde regerings oor die jare toenemend in hul brand- en reddingsdienste belê het en gevolglik spog die Wes-Kaap nou met 'n Departement Brand en Redding wat meer brandbestrydingstoestelle het as al die ander provinsies tesame.
2. Me W F Kaizer-Philander: Dat die Huis kennis neem dat die Demokratiese Alliansie in die Wes-Kaap die nasionale Minister van Maatskaplike Ontwikkeling, Lindiwe Zulu, by die Suid-Afrikaanse Menseregtekommissie aangekla het omdat sy nalatig versuim het om die sosio-ekonomiese regte van Wes-Kaapse Sassa-toelae-begunstigdes te verseker deur te versuim om sosiale sekerheid te verskaf; verder kennis neem dat die DA oorval is deur klagtes van desperate toelae-begunstigdes regoor die provinsie wat sukkel om hul geld by OTM'e en kleinhandelaars te onttrek weens tegniese foute van Postbank; verder kennis neem dat, terwyl die Wes-Kaapse Regering voortdurend probeer om sosiale en ekonomiese druk op ons inwoners te verlig, pogings altyd belemmer word deur die onbevoegdheid op nasionale regeringsvlak; en kennis neem dat die Demokratiese Alliansie in die Wes-Kaap hierdie kwessie trompop sal aanpak totdat Minister Zulu aanspreeklik gehou word vir die faling van die inwoners van die Wes-Kaap.
3. Me L M Maseko: Dat die Huis sy beste wense stuur aan mnr Carl Pophaim wat as die nuwe Burgemeesterskomiteelid vir Menslike Nedersettings in die Stad Kaapstad aangewys is; kennis neem dat mnr Pophaim 'n jong en talentvolle raadslid is wat homself

in die Portefeulje Menslike Nedersettings onderskei het en vir bykans vyf jaar op die Stad se Portefeuljekomitee vir Menslike Nedersettings gedien het, sowel as onder andere op die Beplanningsappèl-adviespaneel; en verder kennis neem dat sy jeugdige krag en onwrikbare toewyding belowende bates is wat ongetwyfeld vooruitgang en innovasie in sy nuwe pos sal aandryf.

4. Mnr G Bosman: Dat die Huis kennis neem dat die Stad Kaapstad tot dusver 81 plaaslike en internasionale geleenthede aangebied het, en beplan om nog 60 geleenthede voor die einde van die jaar aan te bied; verder kennis neem dat R1 miljard tot dusver gegenereer is, en dat die 20 grootste gebeurtenisse meer as een miljoen deelnemers en toeskouers gelok het; kennis neem dat die Stad in die volgende weke en maande 'n verskeidenheid geleenthede sal aanbied wat voorsiening sal maak vir die diverse demografiese vermaaklikheidsgroepe, met bekende geleenthede wat sport, motors, literatuur, musiek en kuns dek; verder kennis neem dat van die geleenthede wat in Kaapstad gaan plaasvind, die volgende insluit: FAME Week Africa, die Extreme Festival- nasionale kampioenskap; DRIFT Stad; die Open Book-fees; Wêreld van Musiek, Kuns en Dans; Operalia en Zakes Bantwini se Abantu-fees; en kennis neem dat hierdie geleenthede almal 'n groot rol speel in die bou van die plaaslike ekonomie, die bou van maatskaplike samehorigheid en die bevordering van sport, kuns en kultuur.
5. Me A Cassiem: Dat die Huis 'n beroep op die nasionale Departement van Menslike Nedersettings, die Stad Kaapstad en die Behuisingsontwikkelingsagentskap doen om saam te werk om seker te maak dat inwoners wat die sentrale lyn beset, na geskikte, alternatiewe grond verskuif word; kennis neem dat dit volg nadat die nasionale Minister van Menslike Nedersettings die DA-geleide Stad Kaapstad daarvan beskuldig dat hy die pogings vir hervestiging weg van die sentrale lyn saboteer deur die fondse(R50 miljoen) wat voorgeskiet is om grond vir die inwoners te bekom, terug te betaal; verder kennis neem dat die interregerings- en interdepartementele dispute tussen die nasionale regering en die plaaslike regering nie in die beste belang van die armes is nie en beslis nie beide hul belange en hul beskermde grondwetlike regte bevorder nie; en kennis neem dat, hoe gouer inwoners na meer waardige en geskikte grond verskuif word, hoe beter, aangesien dit Prasa en ander departemente sal toelaat om te begin werk aan die herstel van die infrastruktuur om seker te maak dat treine weer in gebruik geneem kan word en duisende pendelaars in staat sal wees om van 'n goedkoper vervoerstelsel gebruik te maak.
6. Mnr T M Klaas: Dat die Huis kennis neem dat Wesbank-inwoners in die loop van hierdie week die strate ingevaar het om 'n satellietpolisiestrasie in hul gemeenskap te eis; verder kennis neem dat hul beroepe vir 'n polisiestrasie in hul gebied in 2016 begin het en tot op hede het hierdie beroepe op dowe ore geval; kennis neem dat hul bekommernis is dat hulle sake by die Blue Downs-polisiestrasie moet aanmeld, wat ver is, en die meeste inwoners kan nie bedags taxi-tariewe bekostig om na 'n polisiestrasie te gaan om 'n saak aan te meld nie; kennis neem dat die inwoners verder kla dat die polisiebeamptes van die Blue Downs-polisiestrasie skaars kom wanneer hulle geroep word om teenwoordig te wees by misdadtonele wat aangemeld is; neem kennis dat dit alles ook die Provinsiale Misdadstatistiek raak, aangesien die meeste misdade nie aangemeld word nie, aangesien mense steeds in groot getalle sterf tydens gewapende rooftogte en meer misdadvoorvalle deur die jeug en bendeledede in die gebied gepleeg word; en 'n beroep op die nasionale regering om doen die regte ding te doen en om hierdie inwoners met 'n satellietpolisiestrasie by te staan as 'n tydelike ingrypmeganisme.

7. Me N D Nkondlo: Dat die Huis kennis neem van en die Minister van Menslike Nedersettings, Mmamoloko Tryphosa Kubayi, bedank vir haar onskatbare bydrae in die Strand se eThembeni- informele nedersetting deur met die ANC se Wetgewer-Strandkiesafdelingskantoor saam te werk; kennis neem dat sy onbaatsugtig haar tyd en ondersteuning gewy het aan die edele poging om noodsaaklike boumateriaal te oorhandig vir 35 huise wat tragies deur 'n brand verwoes is; kennis neem van die ANC se onwrikbare verbintenis tot die welsyn en opheffing van ons gemeenskap wat prysenswaardig en inspirerend is; kennis neem dat die Minister se optrede 'n voorbeeld is van die gees van eenheid en deernis wat ons kollektiewe missie definieer; en ons innige dank uitspreek vir haar toewyding om behoeftiges in hierdie uitdagende tyd te help.
 8. Me P Z Lekker: Dat die Huis sy diepe kommer uitspreek oor die verslegtende toestand van dienslewering in die Wes-Kaap en 'n beroep op Minister Bredell doen om onmiddellike en konkrete stappe te doen om aan hierdie dringende kwessie aandag te skenk; kennis neem dat, terwyl die DA skoon oudits voorhou, benadruk dat dit nie verkeerd vertolk moet word as 'n afdoende aanwyser van doeltreffende dienslewering nie; kennis neem dat skoon oudits nie die swaarkry wat ons kiesers daaglik ondervind, verlig nie; dit verder paradoksaal vind dat die DA aandrang op die Wetsontwerp op Provinsiale Bevoegdhede, terwyl dit nie voldoende dienste lewer in die sektore wat tans onder die provinsie se beheer is nie; 'n beroep op die DA doen om eers sy verbintenis tot doeltreffende dienslewering te demonstreer voordat hy bykomende bevoegdhede bepleit; en 'n beroep op die DA doen om die behoeftes van die mense in die Wes-Kaap te prioritiseer deur wesenlike stappe te doen om dienslewering te verbeter en deur geen ruimte te laat vir onduidelikheid oor die gehalte van dienste wat aan ons mense verskaf word nie.
 9. Me P Z Lekker: Dat die Huis kennis neem van en sy ongemak uitspreek oor die Wes-Kaapse Provinsiale Parlement se doelbewuste stilswye oor die onlangse kuberaanvalbevindings; kennis neem dat die weerhouding van belangrike inligting die veiligheid van ons instelling in gedrang bring en die vertroue van die burgers wat ons dien, ondermyn; kennis neem dat deursigtigheid en verantwoordingspligtigheid die fundamentele pilare van ons demokrasie is, en die versuim om pertinente besonderhede oor hierdie kuberaanval bekend te maak, hierdie beginsels erodeer; daarop aandrang dat die Wes-Kaapse Provinsiale Parlement die bevindings spoedig sal deel en toepaslike maatreëls sal tref om ons kuberveiligheidsverdediging te versterk; en sodoende beskerm ons die integriteit van ons wetgewende proses en verseker ons die publiek van hul veiligheid.
 10. Me N D Nkondlo: Dat die Huis kommer uitspreek en simpatie betuig met die inwoners en boere van Cederberg, Wes-Kaap, wat nadelig geraak is deur onlangse gebeure wat aansienlike skade aan voedsel en landbou aangerig het; kennis neem dat die vernietiging van gewasse en plaasgrond in hierdie streek 'n ernstige bedreiging vir voedselsekerheid en lewensbestaan inhou; 'n beroep op die betrokke owerhede doen om die omvang van die skade spoedig te evalueer en om die nodige ondersteuning en hulpbronne aan die geaffekteerde boere te verskaf; eensgesindheid met die gemeenskap van Cederberg verklaar; en die regering versoek om onmiddellik op te tree om die impak op die landbou te verklein en om 'n vinnige herstel in hierdie belangrike sektor van ons ekonomie te verseker.
- 64
11. Mnr M Kama: Dat die Huis erkenning gee aan die goeie werk wat deur lede van die Suid-Afrikaanse Polisiediens (SAPD) gedoen is; kennis neem dat, alhoewel ons nie die wandade

van sommige van hulle toesmeer nie, die meeste van ons vroue en mans in blou voortgaan om hul lewens op die spel te plaas in diens van ons gemeenskappe en ons land; die leiers van die SAPD, asook OPOD, aanprys vir hul onverdraagsaamheid teenoor die paar vrot appels onder die lede van die diens en kennis neem van hul verbintenis om diegene teen te staan wat die reputasie van die meeste lede van die SAPD aantast; en 'n beroep op ons gemeenskappe doen om saam met die lede van die SAPD te werk om misdaad te bekamp en saam te staan met elke poging om die SAPD 'n instelling van hoop te maak wat die veiligheid van al ons mense in die Wes-Kaap waarborg, in teenstelling met die onverantwoordelike bevordering van wantroue aan die kant van gemeenskappe teenoor die SAPD soos die Voorsitter van die Staande Komitee oor Gemeenskapsveiligheid en Polisie-toesig, agb Bosman, elke week in die openbare domein doen.

Kyk ook: Mnr F C Christians (bl 4); mnr P J Marais (bl 4); me L M Maseko (bl 5); mnr M K Sayed (bl 6); mnr C M Dugmore (bl 6); me R Windvogel (bl 6); mnr M Kama (bl 6); me A P Bans (bl 6); me A P Bans (bl 7); mnr M K Sayed (bl 7); me N D Nkondlo (bl 7); me N G Bakubaku-Vos (bl 7); mnr M K Sayed (bl 8); me D M Baartman (bl 8); mnr T M Klaas (bl 8); mnr C M Dugmore (bl 11); me A Cassiem (bl 12); mnr T M Klaas (bl 12); me A P Bans (bl 12); me N D Nkondlo (bl 12); me A P Bans (bl 13); me N G Bakubaku-Vos (bl 13); me R Windvogel (bl 13); mnr F C Christians (bl 14); mnr I M Sileku (bl 14); me N G Bakubaku-Vos (bl 15); mnr M K Sayed (bl 15); me A P Bans (bl 15); mnr M Kama (bl 15); mnr C M Dugmore (bl 16); mnr G Bosman (bl 17); mnr F C Christians (bl 17); mnr C M Dugmore (bl 18); me D M Baartman (bl 18); mnr T M Klaas (bl 18); me A P Bans (bl 18); mnr K Brinkhuis (bl 21); me A P Bans (bl 21); mnr C M Dugmore (bl 21); mnr M Kama (bl 6); me R Windvogel (bl 6); me P Z Lekker (bl 21); mnr F C Christians (bl 21); mnr L L Mvimbi (bl 21); mnr M K Sayed (bl 21); mnr F C Christians (bl 23); me A P Bans (bl 23); me N G Bakubaku-Vos (bl 23); me R Windvogel (bl 23); mnr P Marran (bl 23); mnr L L Mvimbi (bl 24); mnr P Z Lekker (bl 24); me A Cassiem (bl 24); mnr T M Klaas (bl 24); mnr K Brinkhuis (bl 24); mnr T M Klaas (bl 25); mnr I M Sileku (bl 25); mnr L L Mvimbi (bl 25); me P Z Lekker (bl 25); mnr M K Sayed (bl 25); mnr M K Sayed (bl 26).